higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4

(10050314)

23 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

304Q1B2023

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Metaalvesels	A	absorbeer geraas
1.1.2	Spandex	B	sisal of jute
1.1.3	Porselein	C	gee 'n gevoel van ruimte
1.1.4	Terrasso	D	tydrowend
1.1.5	Kurkteëls	E	gemaak van kokosneute
1.1.6	Goiing	F	beton met marmerskerfies
1.1.7	Spieëlteëls	G	mensgemaakte vesel
1.1.8	Blokdrukwerk	H	goud en silwer
1.1.9	Klapperhaar	I	nie-poreus
1.1.10	Nylon	J	lycra

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Chenilleweefwerk lewer dik sagte matte.

1.2.2 Gebreide matte neem baie langer om te vervaardig as weefwerk.

1.2.3 Die keuse van vloerbedekking word deur die grootte van die kamer bepaal.

1.2.4 Digte en luukse matte is meer formeel.

1.2.5 Veltmatte word van koeie se hare gemaak.

1.2.6 Chinese muurpapier beeld net gestileerde patrone uit.

1.2.7 'n Wit plafon help met verligting.

1.2.8 Dhurrie-matte word van 'n mengsel van nylon en katoen gemaak.

1.2.9 Steenwerk is enigiets wat met bakstene, klippe of teëls gebou word.

1.2.10 Die dadoreling is net onder die plafonlyn.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.3 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.3.1 Die ondervelt is daar om die mat te …

1.3.2 Katoen is een van 'n paar … vesels wat gebruik word as 'n poolvesel.

1.3.3 Die meeste hedendaagse huise word gebou met soliede … vloere.

1.3.4 Hardehout kom van … bome.

1.3.5 Keramiekvloerteëls is … wanneer dit nat is.

1.3.6 Sagte muurbedekking sal geraas …

1.3.7 Muurpapier moenie geplak word om ... in die muur te bedek nie.

1.3.8 Gipsbord word gebruik vir …

1.3.9 Wilton-matte word op 'n … weefstoel geweef.

1.3.10 Balochistaanse matte word in ... geweef.

(10 × 2) (20)
[60]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Definieer elk van die volgende terme:

2.1.1 Geteksture erde muurpapier

2.1.2 Fantasiepapier

(2 × 5) (10)

2.2 Verduidelik elk van die volgende tipes plafonne:

2.2.1 Skuurplafon

2.2.2 Lae plafon ('Dropped ceiling')

2.2.3 Plafon met balke

2.2.4 Betonplafon

2.2.5 Gewelfplafon

(5 × 3) (15)

Kopiereg voorbehou

2.3 2.3.1 Wat is die oorsprong van die dhurrie-matte? (2)

2.3.2 Bespreek die tradisionele weergawe van 'n dhurrie-mat. (6)

2.3.3 Hoe word dhurrie-matte vervaardig? (6)

2.4 Noem elk van die weeftegnieke hier onder deur slegs die antwoord langs die letter (A–F) in die ANTWOORDBOEK te skryf.



(6 × 1) (6)

[45]

VRAAG 3

3.1 Bespreek die geskiktheid van elk van die volgende werkoppervlakke in verskillende areas:

3.1.1 Vlekvrye staal

3.1.2 Hout

3.1.3 Glas

3.1.4 Formica

3.1.5 Marmer

(5 × 5) (25)

3.2 Beskryf die verskillende tipes keramiekteëls. (15)

3.3 3.3.1 Vergelyk *laaghout* en *gelamineerde hout*. (7)

3.3.2 Wat is die voordele van gelaagde hout? (8)

[55]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die foto hier onder en beantwoord die vrae.



4.1.1 Verduidelik hoe hierdie hut gebou is deur na die dak, mure en vloer te verwys. (15)

4.1.2 Bespreek die versierings op die muur. (5)

4.1.3 Watter Suid-Afrikaanse stam versier in hierdie styl? (2)

4.2 Noem en verduidelik SES tipes drukwerk op muurpapier. (6 × 2) (12)

4.3 Noem die eienskappe van poliëster. (6)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou